Ek soek beskerming in Allah teen Satan die verworpene en ek begin met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

'n Verduideliking van nog een van die pragtige Name van Allah

Al-Baari

Uitvinder

Hierdie Naam dui daarop dat Allah met dit wat Hy geskep het nuwe uitvindsels uitdink, uitvind en ontdek. Hy orden dus Sy skepping met perfekte harmonie: elke deel van die skepping in sigself, en ook in verhouding tot die ander dele en die groter geheel.

Enkele Versverwysing:

Koran 59:24 “Hy is Allah, die Skepper uit niks, die Uitvinder met dit wat Hy geskep het, die Vormer van dit alles. Sy Name is die Mooiste name. Sy reinheid word verkondig deur alles in die hemele en op die aarde, en Hy is die Almagtige, die Alwyse.”